2010 AJV-oorsig

Bron: Web redakteur
Datum: 6 April 2010

Die 2010 SABT Algemene Jaarvergadering is op 6 Februarie gehou. Hierdie oorsig lig die belangrikste besprekings toe. Lede is welkom om kopiëe van die belangrikste gedetailleerde notule en die verslae van die komiteevoorsitters van die SABT-kantoor aan te vra.

Belowende groei in finansies en getalle

Die SABT het 127 lede in 2009 bygekry, nie minder nie as 867 honde gekeur en die geboortes van 2 154 Boerboelhondjies wêreldwyd geregistreer.

Ten spyte van die druk van die resessie het die Vereniging die 2009-finansiële jaar in ‘n gesonde finansiële posisie afgesluit met voorraad ter waarde van R61 000 en R382 000 kontant ter hand.

‘Hierdie positiewe groeitendens voorspel ‘n goeie toekoms vir die SABT’, aldus die Voorsitter,van die Raad, Frans du Toit. Volgens hom begin die belegging van harde werk en hulpbronne in die belang van lede en die Boerboel nou vrugte afwerp.

Die verslae van die onderskeie komiteevoorsitters was net so selfversekerd en dit was duidelik dat die beleërde SABT van die afgelope twee jaar met hernude ywer na vore getree het.

Pleidooi vir gedragskode vir lede

Johan Coetzee van Piet Zyn Drift Boerboele, het ‘n motivering vir die daarstelling van ‘n gedragskode vir telers ingedien. Volgens hom behoort die Vereniging baie bekommerd te wees oor die neiging onder sommige telers om bewustelik met minderwaardige honde te teel. Na sy mening behoort die Raad verantwoordelikheid vir die afdwing van goeie teelpraktyke te aanvaar.

Uitruil van inligting en verbreding van kennis oor die Boerboel

Die meerderheid lede het nog ‘n pleidooi van Johan Coetzee vir SABT-leiding en hulp ten opsigte van die verskeie probleme wat telers ondervind, ondersteun. Hy het ‘n omvattende lys saamgestel, wat bepaalde gesondheidstoestande, genetika en temperament aangespreek het. Lede het saamgestem dat die Boerboel ‘n komplekse ras is en ‘n beroep op die SABT gedoen om meer pro-aktief te wees in die voorbereiding en verskaffing van inligting aan telers oor heersende probleme en hoe om dit te hanteer.

Voorstelle vir forum ter verbreding van kennis oor die Boerboel het ingesluit:

- Die daarstelling van Boerboelinligtingsdae.
- Oorweging van die gebruik van elektroniese gesprekforums.
- Die insluiting van gesondheidsinligting op keurkaarte.
- Die weerhouding van gereelde veranderinge aan die SABT-rasstandaard en die plasing van ‘n moratorium met tydsbeperkinge op hersienings.

Die SABT belê in opgradering van die databasis

Die SABT se mees ambisieuse projek vir 2010 is die omvattende opgradering van die databasis, Hierdie projek, wat vroeg in 2011 voltooi behoort te wees, sal net minder as R100 000 kos. Dit sal inligting op die databasis vir lede meer toeganklik en bruikbaar maak. Die omvang van die projek sal dit ook vir die Vereniging moontlik maak om misbruik en tendense in teelpraktyke te identifiseer en te vertolk *(soos bespreek hierbo*).

Fase 1 (verifiëring van inligting is al aan die gang. Fase 2 sal verskeie funksionaliteite bywerk wat lede in staat sal stel om via die webtuiste met die SABT te kommunikeer, bv. die verkryging en opdatering van inligting en veilige elektroniese betalings. Fase 3 sal op databasisontginning fokus – spesifiek ten opsigte van profilering van Boerboel-inligting in die sisteem.

Boerboelskoue lok gemengde reaksie uit

Die SABT se streekskoue en Kampioenskapskou, wat gedurende 2009 aangebied is, het heelwat komplimente ontvang vir die werk wat in die organisasie daarvan en skoukommunikasies gedoen is. Die beoordelingsproses is egter heftig gekritiseer – tot so 'n mate dat besluit is dat die hele beoordelingsproses, riglyne en aanstelling van beordelaars vir toekomstige skoue hersien sal word.

Verskeie lede het egter daarop gewys dat Boerboelskoue nog in hulle kinderskoene is. Kritiek op beoordelaars is redelik algemeen by hondeskoue. Hulle was van mening dat dit nog 'n geruime tyd sal neem vir deelnemers om die reëls en beoordelingskriteria te aanvaar en ook dat dit by skoue hoofsaaklik om 'showmanship' gaan.

Gesprekvoering met EBBASA

EBBASA het weer eens 'n uitnodiging tot samewerking aan die SABT gerig nadat samesprekings gedurende 2009 doodgeloop het. Hulle het egter benadruk dat eenwording nie 'n oorweging was nie. Lede het bevestig dat hulle uiteindelike oogmerk eenheid in Boerboelgeledere is, en gesê dat EBBASA en sy lede onvoorwaardelik deur die SABT verwelkom sal word. Hulle het 'n mandaat aan die Raad gegee om EBBASA mee te deel dat die hervatting van samesprekings slegs volgens SABT-voorwaardes sal geskied. Die verskille in rasstandaarde en keuringsisteme is nie in die belang van die Boerboel nie.

AJV-kortliks

- Al die keurders en senior keurders sal 'n Behoekings- en Kalibreringskursus bywoon om eenvormigheid onder keurders te bevorder. Keurderkursusse sal volgens behoefte aangebied word. Telers en lede kan ook voordeel uit die bywoning van keurderskursusse trek omdat hulle meer oor keuringstandaarde kan leer en ook as keurders opgelei kan word.
- Die SABT het drie nuwe senior keurders in die buiteland aangestel - een in Noord-Amerika en twee in Europa. Dit sal die werklading en kostes om keurders uit Suid-Afrika na keurings aldaar te stuur, aansienlik verlig. Beide streke het berig dat hulle hul posisies as toonaangewende Boerboel organisasies verstewig het.
- Ina Visser het die 2009-Boerboel Persoonlikheid van die Jaar-toekenning ontvang ter erkenning van haar werk en bydrae tot die SABT oor vele jare.
- Lede het voorstelle vir die rotasie van die AJV en nasionale skoue in verskillende streke ondersteun en beklemtoon dat die SABT die Boerboel "regoor die lank moet neem" om groter deelname en openbare bewustheid te bevorder.

2010 SABT Raadslede

Verkiesings is vir twee posisies in die Raad gehou, nl vir die Ondervoorsitter en vir KwaZulu-Natal. Die nuwe ampsdraers en streeksvertoonwoordigers is:

Uitvoerende Komitee

Frans du Toit	Voorsitter	M 082 927 0021	fransdutoit@sabt.co.za
Piet Visser	Ondervoorsitter	M 083 336 5488	pietvisser@eject.co.za
Louis Botha	Gauteng	M 082 888 0839	airafricaaircon@absamail.co.za
Alan Pittam	KwaZulu-Natal	M 083 461 5057	alan@tuffaboerboels.co.za
Johan van Wyk	Afrika	M 082 890 8887	graslandboerboel@mweb.co.za
Thys von Solms	Wes-Kaap	M 083 447 8844	thys@floorpro.co.za

Lede

Dolph Carstens	Europa	M + 44 07916140678	dolphcarstens@btinternet.com
Shirley Hagler	Noord-Amerika	T/F 00 1 386 397 1172	office@sabt-usa.org
Clint Gouws	Vrystaat	M 078 523 5400	gouwscg@fshealth.gov.za
Willem Janson	Mpumalanga	M 082 450 9283	willemj@bundulodge.co.za
Marius Kotzé	Limpopo	M 084 620 3008	boerboels@vodamail.co.za
Albert van der Linde	Noordwes	M 082 787 1729	treblaboerboele@gmail.com
Koos vd Westhuizen	Noord-Kaap	M 082 495 6735	mpos@hantam.co.za
Mike Wiese	Oos-Kaap	M 083 604 8141	wiesenhofboerboele@webmail.co.za